~~Ps. Ges. 180: 1,2~~ ~~Ps. 42: 1~~ 18: 12
Ps. 25: 6,7.
Ges. 75: 4

Naby God.
(Ps. 73)

Tet. 5 Jan. 1941
Lxt. Ny. 1943
Tet. Wes Nagw. 1944
Potch. (Klopd. + A.) Jan. 56.

Ps. 73: 28 - Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees.

~~'n Nagmaal van jaar~~

Inl: Ons staan aan die begin van 'n onbekende nuwe jaar. Vir meeste v. ons is dit 'n jaar ~~ook~~ waaraan ons met besorgdheid dink, miskien omdat die benarde wêreldtoestande ons gemoedere bedruk maar seker ook omdat meeste v. ons ons eie pers. moeilikhede + bekommernisse het. En as 'n mens 'n onbekende moeilike week of tyd ingaan, is dit nie alleen goed nie maar ook noodsaaklik dat ons verseker is dat daar iemand of iets is op wie ons kan steun as die lewe donker word. Soos die kind in nood na sy vader + moeder roep, soos die soldaat in die hitte v.d. stryd sy vertroue in sy generaal stel, so het ons behoefte om in hd. Nuwej. te weet dat daar iemand is op wie ons elke dag kan wag. Wie se leiding + hulp ons elke dag kan wag, op wie se woord ons kan peil trek, of wie se krag ons in ons swakheid kan steun. Dom tekens. ~~Nie~~ Kies dié vers omdat: ① ~~behoefte nuwe jaar aan stempel~~: ② daar baie keer in ons harte al die gedagte opgekom het: // Kan ek nog op God vertrou? Kan Hy nog help? Sal dit my baat om naby God te leef? Kan ek nog iets van Hom verwag? ~~Sout verwarrende~~ gedagtes, onsekerhd vir kind v God: wag boodskap sekerhd gee.

Die psalm geskrywe na lang en groot worsteling
wat die ernstige gelowige. Hy het 'n vraag gehad wat in sy
gemoed oor 'n vraag wat hy nie kon beantw.
kry nie. As iemand wat gesoek het om Gods wil
te doen was dit 'n baie onverstaanbare saak
waarom God toelaat dat sekere (voorspoed. ens.) dinge gebeur. En
dan na 'n lang ~~worsteling~~ stryd kom Hy eindelik tot
lig en a.d. uiteinde v.d. stryd maak Hy dan die
gevolgtrekking: Wat ookal m.d. wêreld buite gebeur,
wat my aangaan, dit is vir my goed om naby
God te wees."

Ons sien agter die woorde:

I Die Groot Raaisel: ~~die Sk. Voorspoed v.d. Wêreldling~~ (tofmee) Asaf worstel:

Die groot vr. wfmee Asaf hom besig hou die grt
raaisel wat hy eers nie kon oplos is nl. die
skynbare voorspoed v.d. man wat sonder God lewe.
In hd. psalm. veral in die verse 2-12, stort hy
sy hart uit en vertel hy hoedat hy nie kon
verstaan dat so baie mense sonder God kan
lewe & tog kan vooruitgaan. Hy vertel dat hy
opgelet het dat die wêreldling ver v God leef.
dat hy Hom nie ken en eer nie – dat hy
leef asof daar geen God is nie.
En tog geniet hy voorspoed, gaan hy ~~[illegible]~~ vooruit,
word hy ryk & vermyk,
geluk al sy planne,
en gaan hy die lewe onbesorg en onbekom-
merd deur. Hoe is dit dan? Waarom laat God
dit toe? (Grt vr.)



Nr. Asaf was nie d. enigste wat die probleem geken
het nie – ook Job moes daarmee worstel & soos J.
honderde Xtene na hom. En vir watter ernstig-
gesinde Xten w/d is & bly dit nie 'n probleem nie!
Ook ons kyk rondom ons soos Asaf gedoen het
& sien 'n wêreld vervreemd v God, 'n wêreld
wat leef asof daar geen God is & nog nooit
was nie! "Hulle spot & spreek in boosheid ver-
drukking; hulle spreek uit die hoogte. Hulle stel
hulle mond teen die hemel, & hul tong wandel
op die aarde. En hulle sê: Hoe sou God dit weet,
& sou daar kennis by die Allerhoogste wees?"
Luister mr. na die verwensinge wat d. een volk teen
die ander slinger oor radio, dink aan al d. haat
& woede deur die oorlog losgelaat, d. gees v.
onverdraagsd. & liefdeloosh. wat die verh. van
so baie mense & volkere kenmerk (ook in ons l);
Is dit 'n wêreld wat God ken & erken wat so
lewe?

En wat die innige Xten soms so dronkslaan is d.
feit d. Heer dit toelaat dat al d. ongeregtighd &
onwaarheid so lank ongestoord kan aangaan –
dat d. een volk d. ander uitdelg, dat sekere mense
ander uitbuit vir hulle pers. gerief & gewin – en
dat God skynbaar niks doen nie! Hoe is dit
dan? Hoe moet ons dit verstaan? Is God dan
nog werklik die Heer? //Help dit dan nog om
te bid, te smeek? Om te stry om reg & w/heid
& liefde (Hoor) ~~[illegible]~~ ons medemens te betrag ~~[illegible]~~?// So praat
ons – so het Asaf ook gepraat. Die Grt R/sel: ~~Sk. Voorsp.~~ v.d. W.

## II Die Sleutel tot die Oplossing

~~[Mr. is daar dan geen sleutel wat ons d. deur na 'n antw. kan oopsluit nie? Is daar geen manier om 'n opl. te kry nie? Dit lei ons v./self na II / Wat sê Asaf?]~~

Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë, totdat ek in die heiligd^e van God ingegaan & op hulle einde gelet het:

Dit was by Asaf die sleutel tot die oplossing – die stap wat hom d. antw. op al sy vrae gegee het. Laat ons let op die rede:

(i) Waarom in Gods heiligdomme: W/om soontoe? W/om nie self uitgedink alleen? W/om nie tevrede met antw. v. vriende? Of w/om nie mr. opgegee en gewoond soos die mense wat sonder die Heer leef? – W/om nie? Omdat vir Asaf as godsd. Jood daar net een plek was: Gods heiligdomme. Omdat vir Hom as mens dit die vanselfsprekende ding was om in Gods heiligd^e in te gaan – dit was d. ~~natuurlike ding om te doen~~ toetssteen in die lewe van elke regdenkende Jood! Nagul: Is dit w/om u kom vra?

(ii) Wat was die heiligd^e v. God: Vir hom as kind v.d. Jodendom was dit a) die Heilige Skrifte waarmee hy opgegroei het van jongsaf b) die tempel as heiligdom waar hy gegaan het om God te ontmoet in Sy woning c) die gesk v sy eie volk w/in hy nie anders kon as die hand v God sien nie! d) sy ~~eie gemoed~~ gebed. Nagul: Is dit ook u heiligdomme?



(iii) Hoe het hy in die heiligd^e ingegaan?: Watter gesindh^d sy hart vervul? In ons vers 2 sien ons die ernstig gesinde Jood, op die punt om die heiligd^e in te gaan – sy hart is vol verootmoediging omdat hy homself vooraf gereinig het binne & buite; vol verwagting omdat hy weet God gaan aan hom verskyn; vol ~~toewyding~~ geloofsvertroue omdat hy besef watter groot dinge God aan hom gee: Nagul – Is dit soos u kom vra?

(iv) Wat het hy daar gevind?: Wat het die heiligd^e v God hom openbaar? Dit het hom 'n groter uitsig gegee, hom geleer om verder as d. opp. te kyk, "op hulle einde gelet", om agter die tydel. sienlike, die ewige onsienlike plan v God te aanskou. Dit het hom geleer dat Gods gedagtes nie sy gedagtes ~~is~~ nie, & Gods weë nie ons weë nie, dat Hy op Sy tyd elkeen gee wat hom toekom [Hom tenslotte: [illegible]]. So het Asaf dan gesien & het God in Sy heiligdom aan hom openbaar dat die wat God nie ken nie, vergaan. "Waarlik, u stel hulle op gladde plekke; U laat hulle in puin val" Vir Hom wat God nie ken nie, is daar geen toekoms nie [vir tyd voorafbestemd] – op Sy tyd sal God die ongeregtigh^d straf & waarheid laat seëvier. Slotsom: "Goed om ....."

Ons: Is dit nie ook waaraan ons behoefte het a.d. begin v.d. Nuwejaar nie? Hoeveel v. ons sit nie met dergelike & ander probleme w/voor ons g'n antwoord kan kry nie! As ons moet praat

sal ons nie ook sê: Toe het ek nagedink om dit te verstaan ~~nie~~, mr dit was moeite in myoë, totdat ek in die heiligdᵉ v God ingegaan het.

NB Mr. w/om in Gods heiligdᵉ? W/om nie êrens anders heen nie? Br & Suster, vir Asaf was daar geen ander plek as net Gods heiligdom Onder-gty om hom antw. te gee nie. // Is dit vir ons ook so? Glo ons dat die heiligdᵉ wat die Here ons gee Wd, Sy Huis, Gebed, Binnekamer – dat die ons God se gedagte kan openbaar? // Dat ons daar 'n antw. sal kry op al ons vrae? As ons dit nie kry nie, is dit nie miskien omdat ons met verkeerde gesindheid kom nie? Verootmoediging, verwagting, toewyding? {Is dit nie w/om ons nie tot ons kan kom?

Mr. dit wat ons: as ons gaan in d regte gesindhd sal God seker ook aan ons duidelik maak wat Sy plan & raad met al die omstᵉ v. ons eie lewe & w/gebeure is – wat Sy oogmerk is. Dan sal ons ook sien: die NB mens & d volk wat leef asof daar geen God is nie, kan nooit bly staan nie. Dan sal ons leer verstaan dat God op Sy tyd alle Kwaad, haat, onreg, wraak straf en alle waarheid, opregtheid & getrouhd beloon – Verstaan Hy is waarmaker v. Sy Wd! Volkere Het terugkyk: op einde let v. ander mense



~~(iii) Hoe het hy in d. heiligdᵉ ingegaan? Watter gesindhd sy hart beheer?~~ In ons verh: sien ons Wat was slotsom? Die Natyheid v God Sy enigste Redding.

III Slotsom w/tee Asaf Kom:

Mr. wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Na al d. worsteling & stryd om tot helderhd te kom is dit sy slotsom: Dis goed om naby God te wees. ~~Gaan~~ Hy ~~het~~ Kanfnie Gods weg ver-staan nie, totdat Hy in Gods heiligdomme ingegaan het, & toe het hy begryp & verstaan ~~wat~~ hoe die Here tewerk gaan – dat al verstaan die mens nie alles ᵢₙ ᵈ ᵇᵉᵍⁱⁿ nie, op Sy tyd maak God Sy plan & raad duidelik & leer ons verstaan w/om Hy so gehandel het. W/om slotsom. W/om sê Asaf: wat ookal gebeur, wat ander mense ookal dink & sê vir my is die hoogste & grootste ding in die lewe om naby God te wees!

// Br. Suster, Verstaan ons dat dit die gees is w/in ons die Nuwejaar moet ingaan? Dat dit die gees is wat ons hele lewe moet beheer? Om naby God te leef & te werk, om te weet dat God naby ons is in ons werk, in ons spel, in ons vreugde & ons leed, in al ons doen & late? Verstaan ons dat dit en dit alleen die Krag v ons lewe is? In beproewinge?

Is dit nie wat God soek v/d: Manne & vroue Vaders & moeders, jong seuns & dogters wat naby God leef? [Is dit nie wat die tragedie v.d. wêreldgees. maak dat mense nog nie ver-staan dat daar geen ware vrede & liefde kan wees nie[^1] as ons nie naby God leef? Niks hiers & beters?

Sal hd. besluit van Asaf nie ook die grondslag van ons lewe vorm in hd.-jaar? Dat ons: (i) as vaders & moeders naby God sal wees om sodoende ons kinders ook naby God te bring (doopouers dink ons hier in bes. aan) nie net lippe nie lewe

(ii) as gemeente sal soek om naby God te wees in hd. jaar & naby Hom te bly nie alleen in Sy huis nie, ook in ons daagl. werk?

(iii) sodoende die wêreld rondom ons naby na God sal bring nie?

(iv) ook sal sê saam met Asaf: wat ander sê & doen raak my nie — „Mr. wat my aangaan dit is vir my goed om naby God te wees"

[^1]: The passage from "Is dit nie wat die tragedie" to "beters?" is struck through with diagonal strokes; within it, "niks" is replaced by "geen", and the original ending "as ons naby God te leef" was altered to "as ons nie naby God leef".